STEEDS 'N GOEIE BURGER VAN JOU LAND?

Teen hierdie tyd ken jy die uitdrukking "'n Voortrekker is 'n goeie burger van sy land" (kode 7), waarskynlik al uit jou kop uit. Jy moet dit mos ken as jy vanjaar vir Hoofleierswag of Presidentverkenner wil kwalifiseer.

Dit is vraag egter: Is ek en jy in die huidige omstandighede in Suidelike Afrika nog lus hiervoor?

Bespreek

As jy saam met my die afgelope paar jaar kon luister na wat jou mede-Verkenners oor die onderwerp "Toekomsblik" op PV-toetskampe sê, sal jy weet dat daar baie dinge in Suidelike Afrika is wat tans negatief inwerk op Voortrekkers se toekomsverwagtings. Natuurlik is daar ook positiewe dinge. Voordat ons egter daarby kom, wil ek hê dat julle self 'n besprekingsgroep van 6 of meer vorm om met mekaar net oor drie vrae te praat:

WAT WERK NEGATIEF IN OP ONS TOEKOMS IN SA/NAMIBIË?

en

WAT IS POSITIEF VIR ONS TOEKOMS IN SA/NAMIBIË?

en

HET ONS 'N TAAK HIER IN SA/NAMIBIË?

Julle sou die tweede vraag ook kon vervang met:

WAT HOU ONS HIER IN SA/NAMIBIË?

By die eerste twee vrae moet julle eers net 'n lysie maak van die negatiewe en die positiewe voordat julle die waarheid of geldigheid van elke saak wat genoem is, bespreek. Die groep moet dus besluit om eers alles wat móóntlik negatief of positief op die toekoms kan inwerk, uit te kry voordat julle besluit of elkeen waar is. Dan sal die bespreking baie meer waarde hê. Dit is vir ons gesindheid oor die toekoms ook baie belangrik dat julle mekaar daarna oortuig dat elke ding wat julle genoem het, werklik negatief of positief is. Julle besluit self hoe lank julle oor al die vrae praat.

Voortrekkers negatief en positief

Dit gebeur al hoe meer dat Verkenners in hulle finale jaar op skool voel dat hulle hier net klaar gaan studeer. Daarna wil hulle die pad vat, vir altyd: weg uit hierdie deel van die wêreld. In vergelyking met die res van ons eie kinders is hierdie getal onder Voortrekkers egter nog nie groot nie. Uit gesprekke met jong Afrikaners wat nie Voortrekkers was of is nie, wil dit voorkom asof 'n groter persentasie van hulle dit oorweeg om Afrika permanent te verlaat.

Ons praat dus nie van jongmense wat net vir 'n jaar of twee in die buiteland wil gaan werk of rondry nie. Ons praat van voornemende emigrante.

Vra jy hierdie ouens uit oor die toekoms, is hulle baie negatief en gallerig oor veral Suid-Afrika. En is jy krities oor dit wat hulle sê, raak van hulle baie driftig.

Aan die ander kant is daar die uitspraak van ons eerste landswye Verkennerkongres in 1998 in Bloemfontein dat die grootmense moet ophou om die jeug met negatiewe dinge oor die toekoms te bombardeer. Hulle wil nie toe-oë deur die lewe gaan nie en realisties wees oor al die slegte dinge wat ons mense deesdae beleef, maar, en dit is 'n groot MAAR, hulle wil nie net negatief wees nie. Hulle wil ook positief en opbouend wees, want hulle eie toekoms is hier op die spel.

Vra jy vir Verkenners uit oor wat hulle hier hou, kom daar dikwels verrassende, sterk argumente. Dit is soms juis julle wat ons ouer mense weer inspireer en moed gee.

Maar nou moet julle eers oor die besprekingsvrae praat. Daarna hoor ons wat ander Verkenners oor hierdie onderwerp sê.

Wat ander Verkenners negatief beleef…
Alle Bobaasverkenners plaas nie dieselfde sake eerste nie, maar stem tog saam dat die volgende faktore die prentjie van die toekoms negatief beïnvloed.

Die hoë voorkoms van misdaad en geweld in veral Suid-Afrika. Hieroor is daar groot eenstemmigheid en word daar eers nie gestry nie. Veral nie as ons na die syfers kyk wat deur sekere navorsers (in hierdie geval 'n Nedcor-verslag) voorgehou word nie. In die res van die wêreld is daar na raming 5,5 moorde per 100,000 van die bevolking per jaar. In Suid-Afrika staan dit op ongeveer 45! Meer as 350,000 vroue word jaarliks verkrag. Dit is ongeveer 958 per dag. Die sakesektor het soveel vertroue in die Polisie se vermoë om mense te beskerm en misdaad te bekamp verloor, dat daar tans sowat 250,000 mense in diens van private sekuriteitsmaatskappye teenoor 130,000 in die SAPD is. Slegs 77 persone word gearresteer vir elke 1000 misdade en 1 uit elke 8 misdadigers pleeg nie verdere misdrywe nie. Misdaad het die land in 1995 ongeveer R 31,3 biljoen gekos wat sowat 18 % van die begroting van 1996/7 kon uitmaak.

Behalwe vir die geestelike en liggaamlike leed wat hierdie toestand veroorsaak, ly mense deurgaans feitlik onberekenbare finansiële skade en ongerief. Die van ons wat nog nie self daaronder moes deurloop nie, het in elke geval familie of vriende wat dit moes ervaar. En die meeste van ons ken ten minste een mens wat die afgelope aantal jare vermoor is.

Die ander uitwerking op Christene of gelowiges is dat die hele toestand ons geestelik afstomp. Moord, diefstal en korrupsie skok ons nie meer nie, en sommige Verkenners het al teenoor my erken dat hulle, ter wille van hulle eie veiligheid, vandag makliker sal doodmaak as sê 5 jaar gelede. Dit het al 'n slagspreuk geword dat die misdadigers in Suid-Afrika vry rondloop, terwyl wetsgehoorsame en belastingbetalende burgers agter veiligheidstralies leef. Daarby vertrou ons ander mense nie meer nie. Ons is dan al soveel keer teleurgestel.

Ten spyte van afkeurende verklarings van ministers, weet ons teen hierdie tyd dat die regering nie sterk genoeg kan of wil optree teen misdaad nie. Wat meer is: die situasie het nou so ontwikkel dat hy dit in elke geval nie meer alleen kan oplos nie.

Ons kinders se versoek: straf misdadigers meedoënloos omdat hulle vere voel vir die lewens en eiendom van ander. Bring groot ASSEBLIEF die doodstraf terug. Dit is 'n wolhaarstorie dat die doodstraf nie misdadigers afskrik nie. Doodstraf vir moord is onder sekere omstandighede Bybels. Daarby: wat van 'n fonds om die slagoffers van misdaad by te staan? Die regering het mos al so iets belowe.

Die Verkenners is ook bereid om self iets te doen. 'n Tydjie gelede het 'n landswye beraad van Verkennerleiers hulleself bereid verklaar om die Polisie as jeugkonstabels of jeugreserviste by te staan.

Omgekeerde diskriminasie en regstellende aksie wat ook ons kinders tref, terwyl hulle in die tyd nadat die aftakeling van apartheid reeds begin het, groot geword het. In baie gevalle tot in skolesport, by beurse vir naskoolse studie en aanstellings in sekere poste is uiterlike voorkoms en velkleur deesdae die maatstaf, nie meriete nie. Hierdie faktor gaan nog lank by ons bly, omdat apartheid nog lank die gerieflike sondebok gaan bly vir die foute wat die maghebbers van vandag en môre maak. Die gevolg: 'n verdere verlaging in standaarde wat volgens baie Verkenners soos 'n wolk oor ons toesak.

Die probleem is dat hulle wat hierdie dinge in veral Suid-Afrika probeer deurvoer, nog nie die Christelike waarheid ontdek het dat jy nie een onreg met 'n ander onreg kan regstel nie. Vir 'n sukkelende ekonomie is dit buitendien fataal dat mense in poste sit terwyl hulle nie die werk kan doen nie. Boonop moét hulle selfrespek en die respek wat ander wat beter gekwalifiseerd is vir die werk, vir hulle moet hê, daaronder ly.

Ons Verkenners se boodskap: kom ons vergeet nou van die gekibbel oor apartheid en begin om almal saam te bou aan die toekoms van die land.

Die gebrek aan genoegsame ekonomiese groei en werksgeleenthede, nie net vir skoolverlaters nie, maar ook mense met universiteitsgrade. Verkenners wil dit nie meer hoor dat net 8 uit elke 100 van hulle in die jaar na matriek moontlik 'n werk sal kan kry nie. Alles word volgens hulle so negatief voorgestel, dat hulle sukkel om positief oor die toekoms te bly.

Die feit dat 'n geskatte meer as 10% van alle Afrikanergesinne tans 'n inkomste van minder as 'n R 1500 per maand het, verbaas die Verkenners egter nie. Daarvoor weet hulle van te veel mense wat swaarkry. Amptelike

statistiek dui daarop dat die provinsie met die hoogste werkloosheidsyfer onder die ekonomies aktiewe deel van die bevolking in Suid-Afrika die Oos-Kaap met 'n hele 41,4 % (2 uit elke 5) is, terwyl dit in die Wes-Kaap wat die laagste is, steeds so hoog soos 18,6 % (1 uit elke 5) is. Hierdie syfers kom uit 1995.

Vra jy hulle hoe almal in hierdie deel van die wêreld werk gaan kry, sê hulle sonder aarseling: deur self werk te skep. Almal van ons kan nie werkskeppend wees nie, maar sommige wat dit regkry kan ook die ander help. Ons was te lank van die staat afhanklik vir werk en die Afrikaner is tradisioneel te vas aan die sekuriteit wat 'n vaste salaris en sagte possie bied. Ons moet waag en entrepreneurs word.

Verder word dit die Afrikaner verwyt dat hy die grootste oorsaak vir die ellende in die verlede en hede van hierdie subkontinent is. Dat hy deel van die probleem en nie van die oplossing is nie en dat alle vorme van apartheid of apartheidsdenke of enige iets wat net daarna ruik, verwerplik is. Daar is Verkenners wat sê dat regstellende aksie, diskriminasie teen Afrikaans en tradisionele Afrikaanse instellings eintlik net een ding sê: julle is nie welkom in julle eie land nie.

Sommige Verkenners wil weet waarom hulle ouers nie met hulle oor die verlede praat sodat hulle ook die ander kant van die saak kan hoor nie. Hoekom is daar nie nou van hulle eie mense wat oorvertel waarom hulle as Christene apartheid gesteun het nie? Waarom hoor die kinders soms net vaagweg dat alles van apartheid (lees: die verlede van die Afrikaner) nie sleg was nie? Is dit waar, so wil hulle weet, dat hulle nou met 'n verlede opgesaal sit waarin daar niks goeds was nie en waarvoor hulle net skaam moet wees? Dit kan tog nie wees nie. Daarvoor word alles te eensydig aangebied. Nee, gee ons al die feite sodat ons self ons volk se verlede in perspektief kan kry.

Baie senior jeuglede van Die Voortrekkers is uiters bekommerd oor die verval in Christelike waardes en sedes in die Suider-Afrikaanse gemeenskap. Hulle wys op losse sedes en seks met vigs as een van die gevolge (in Suider-Afrika is die omvang van vigs die hoogste ter wêreld met 1 uit elke 4 mense wat in 1999 besmet is), dwelmmiddels en drankmisbruik onder kinders, aborsie op aanvraag soos nou gewettig in Suid-Afrika, koersloosheid en 'n gebrek aan dissipline onder grootmense en kinders. Kerke, skole en ouers is besig om hulle houvas op ons kinders te verloor. En dan dink ons nog dat ons met die syfer van “70 % van ons bevolking is Christene” indruk maak!

Kinders vind dit soms moeilik om negatiewe groepsdruk te weerstaan, maar hierdie Verkenners glo tog dat skoliere by hulle Christelike beginsels kan bly.

Wat Verkenners ook beklem oor môre, is die groot ontwikkelingsprobleem waarmee Suidelike Afrika te kampe het. Hier verwys hulle na die ontmoeting van die eerste en derde wêreld in hierdie lande; die groot verskille tussen baie ryk en baie arm; na hoogs geleerde mense en die feit dat byvoorbeeld meer as 30% van die bevolking van Suid-Afrika nog ongeletterd is. Armoede, werkloosheid, korrupsie, soustreine vir enkele bevoorregtes, misdaad en onbevoegdheid kan ons in 'n maalkolk van agteruitgang intrek waaruit ons nie gaan kom nie.

Daar is egter ook faktore wat die toekomsprentjie positief beïnvloed.

Wat ander Verkenners positief beleef…
'n Faktor wat alle Verkenners sonder huiwering noem, is die feit dat God ook hier is en in beheer is. As Hy hier is, is ons nie toevallig hier nie. Ons teenwoordigheid het 'n doel. Oral waar mens kom, het God vir jou werk. Wil Hy hê dat jy Hom met jou lewe vereer.

As jy so 'n bietjie aanhou uitvra, erken Verkenners dat God wil hê dat die Christene in hierdie lande 'n verskil moet maak. En Christen-Afrikaners is deel hiervan. Daarom sal jy die kwessie van die uitdra van Christelike waardes in dit wat jy elke dag doen, deurgaans in die geskiedenis van die Afrikaner terugvind as iets wat as 'n roeping beskou is. En as jy en ek dit elke dag moet uitleef, moet ons ook daaraan getrou bly as ons politiek praat, verhoudinge met ander groepe bepaal, probeer geldmaak en rugby speel. Ons het nie altyd gedoen wat ons geglo en gesê het nie, maar ons het dít altyd geweet: God wil ons hier gebruik. Nie net vir die verkondiging van die Evangelie deur die kerke nie, maar ook vir die uitleef van die beginsels van die Bybel elke dag.

Die eerste Voortrekkerkode sê nie verniet “'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom” nie. Verkennerlewe 1 verduidelik dit so:

“'n Voortrekker bely dat alles uit God, deur God en tot God is. Wat ons ookal regkry in ons lewe, is deur Sy krag en Sy genade. Uit dankbaarheid wil ons elke dag werk om Sy koninkryk uit te brei.”

Die tweede kode sluit hierby aan met “'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe”. Dit beteken ondermeer dat die riglyne van die Bybel ons optrede in elke situasie moet bepaal.

Christen-Afrikaners glo dat niks toevallig gebeur nie. In Sy wyse voorsienigheid het God dit beskik dat daar 'n Afrikanervolk aan die suidpunt van Afrika sou ontstaan. Met net een doel: om Hom te dien. Met alles wat hulle het, in alles wat hulle doen, man en muis.

Gaan ons dit kanselleer nou dat dit weer 'n keer wil lyk asof dinge in Afrika teen ons draai? Hoeveel keer het dinge in Afrika nie al vir ons donker gelyk nie? Voor Bloedrivier in Natal in 1838; na die Tweede Vryheidsoorlog in 1902; met die droogte en groot skeurings van die dertigerjare. Om maar net 'n paar te noem. Ons het reeds meer as 1000 meter van die 1500 meter wedloop voltooi. Gaan ons nou tou opgooi of gaan ons eenvoudig deur die pyn van vandag hardloop om die wedloop môre te voltooi?

Ons is lankal nie meer die stomme “settlers” oor wie Peter Mokaba 'n paar jaar gelede sy rassistiese “One settler, one bullet” met groot oë geslagspreuk het nie. Vergeet van hierdie “bullet”, dis “bull”. Party van ons leef al vir die negende geslag in hierdie deel van God se wêreld. Ons dra in ons eie naam ook die naam van Afrika: Afrikaners. 'n Naam wat reeds in 1705 aan die Kaap gehoor is.

Wie bepaal of ons hier bly: mense of God?

'n Verkenner sê dit nou die dag met oortuiging: Ek laat my nie deur misdadigers of Afrikanerhaters uit hierdie land wegjaag nie!

Mede-Verkenners gaan nie sommer vir jou beskuldig van verraad as jy besluit om te emigreer nie. Wat hulle wel van jou verwag is om eers die saak met God uit te maak. Het jy nie dalk ook 'n taak in hierdie land as deel van 'n groter span Christene nie? Wie gaan môre hier vir die kinders van vandag se kinders skool hou? Wie gaan die rolstoel van hierdie offisier rondstoot as hy dalk môre nie meer self kan loop nie?

Jy sien, dit gaan nie net om jóu geluk of veiligheid of gerief nie.

'n Tweede faktor wat Verkenners opgewonde maak om hier te bly, is die feit dat jy jou eie taal en kultuur op die lang duur eintlik maar net hier kan uitleef. In 'n ander land gaan jou kinders of kleinkinders eenvoudig by die nuwe kultuur inskakel. Dit het met ons eie Nederlandse, Duitse, Franse, Portugese en Engelse voorouers gebeur.

Maar, dan moet ons opstaan en die wêreld in die oë kyk. Ons moet positief besig raak om as Afrikaner- en Afrikaanssprekende deel van die subkontinent ons deel aan die opbou van die samelewing by te dra, op ons taal- en kultuurregte te staan én ander mense daarvan te oortuig dat ons nie so snaaks is as wat sommige ons voorstel nie.

Om pro-Afrikaans te wees is nie om anti-Swart te wees nie;
Om 'n Afrikaner wat trots is op die mooi in sy geskiedenis te wees, is nie om met jou agterkant na die toekoms van Suidelike Afrika te staan nie;

Om vol te hou dat Engels nie die enigste kleur in 'n reënboognasie ('n staatkundige begrip) kan wees nie, spruit nie uit angs nie, maar uit 'n sin vir regverdigheid en vir die werklikheid waarin ons lewe.

Moderne Afrikanerwees mag nie geassosieer word met:

- 'n Suipery op Loftus
- Kru onder die rok en “belt” grappe
- Negatiwiteit oor alles wat van Afrika is
- Gedeeltelik sigbare wit boepe wat span teen khaki-hempsknope
- 'n Nuttelose “ons sal alles regneuk”-mentaliteit
- Goedkoop en buitehuwelikse seks
- Bitterheid en 'n afbrekende kritiese ingesteldheid
- Kerkloosheid en Bybellosheid nie.

In meer as een opsig wag daar groot werk op Afrikaners in hierdie land. Geestelike leiding vanuit die Bybel as die eintlike antwoord op misdaad en aftakeling; ywer vir ekonomiese ontwikkeling wat werk skep (slegs ongeveer 30 van die maatskappye wat op die Johannesburgse aandelemark genoteer is, het Afrikanerverbintenisse); aanhou met die uitbou en verspreiding van Afrikaans onder alle dele van die bevolking; waak teen veragterliking en armoede; getrouheid elke dag in die klein dingetjies; die uitleef van respek vir die lewe en eiendom van 'n medemens.

Die gevaarligte flikker egter ook hier. Daar is reeds verwys na die raming dat meer as 10% van alle Afrikanergesinne 'n inkomste van minder as R 1500 per maand het. Op hierdie stadium is daar sowat 3,2 miljoen Afrikaners in hierdie deel van die wêreld. Die huidige aanwas van 1,5% is egter nie eers genoeg om hierdie mense te vervang nie. Teen hierdie tempo sal ons teen 2050 slegs 700,000 wees. En dan raak jou bydrae en betekenis al hoe kleiner.

'n Derde faktor wat Verkenners moed gee, is die feit dat die suidpunt van Afrika 'n ontwikkelende gebied is. Dit skep 'n groter moontlikheid dat probleme geleenthede kan word. Veral as jy dit koppel aan die mensemateriaal wat ons ook onder jong Afrikaners kry, aan ons natuurlike rykdomme en die jong gees wat daar nog by baie van ons aanwesig is.

Hoe lyk dit, is jy in die lig hiervan steeds 'n goeie burger van jou land?

Dit is 'n mooi deel van die wêreld hierdie. Dit is God se wêreld. Dit is mos NP van Wyk Louw wat iewers in Die Dieper Reg van die jeug die volgende sê:

“Ons is die jeug…
nog in sy dood sal ons deur hierdie nasie trek.
'n Voortrek wat geen einde kry.
In elke eeu, as rus en rykdom te dierbaar vir hul word,
Sal hul die sweep hoor klap;
En in die land van son en wind sal ewiglik die waspoor lê!”